4. Die koningin van Skeba

1 Konings 10:1-13

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **25 MIN**

- Waar beleef jy God se grootheid die beste?
- Met watter mens wat vandag leef sou jy 'n dag wou spandeer? Wat sou jy vir hom/haar vra?
- Wat is die interessantste plek wat jy al besoek het?

AANBIDDING: **5 MIN**

Sing lied 464:1 en 2 saam as aanbidding:

1. O Heer my God,
as ek in eerbied wonder -
en al u werke elke dag aanskou:
die son en maan,
die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit
saam: hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

2. Ek sien die veld -
die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg
vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit
saam: hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

BYBELSTUDIE: **35 MIN**

9:1. Sheba. Suggestions on locating Sheba most often place it in the southwestern corner of the Arabian peninsula (possibly Yemen). This would place it in close proximity to the trade routes from Mesopotamia, as well as the links, through shipping on the Red Sea, with Africa and India. Sheba had contact with Syria-Palestine as early as the mid-second millennium. Solomon's new trading center and harbor at Ezion Geber in the Gulf of Aqaba may have threatened Sheba's camel caravans with competition. It would be only natural that the ruler of this area would want to establish friendly relations with a growing commercial power. The queen here is not mentioned by name, though Assyrian contacts with Arabia in the first half of the first millennium often dealt with powerful queens. She may have been either the ruler or the consort of the ruler, dispatched by her husband on this important diplomatic mission. The journey was about fourteen hundred miles long and would have taken many weeks.[1]

Lees 1 Konings 10:1-13 deurdat elkeen een vers hardop lees.

- Watter aspekte van Salomo en sy hoofstad het die koningin van Skeba die meeste beïndruk? Watter aspekte van Salomo beïndruk jou die meeste?

1Walton, John H.; Matthews, Victor H.; Chavalas, Mark W., *The IVP Bible Background Commentary: Old Testament*, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press) c2000.

- Die koningin van Skeba het gehoor van wat die Here vir Salomo gedoen het en wou self kom uitvind. Sy moes ver reis en vir weke van haar werk weg wees. Waarom is mense vandag so huiwerig om op te offer om meer van die Here uit te vind? Wat is vir jou die moeilikste om op te offer?
- Die koningin van Skeba wou Salomo se wysheid hoor. Waar kan jy vandag wysheid kry? Hoe kan jy dit doen? Na watter persoon gaan jy as jy raad nodig het?
- Salomo kon al haar vrae beantwoord? Watter vraag sou jy vir Salomo wou vra?
- Wie vra vir jou vir wysheid? Hoe kan jy hulle antwoord sodat hulle die Here se werk in jou kan raaksien?
- In vers 9 hoor ons hoe sy die Here prys en vir Hom al die eer gee. Sy gaan terug na haar eie land met ’n magdom geskenke en indrukke van Salomo en Israel. Waarom kom haar land nie tot bekering nie? Waar het jy invloed oor mense? Hoe gebruik jy daardie invloed?
- Laat iemand Matteus 12:41 en 42 hardop lees. Wat sê dit van haar? Was sy gelowig?
- Wat maak die koningin van Skeba ’n besodnerse vrou?

DIENSWERK: **5 MIN**

Verlede keer het julle gepraat oor ’n projek waar julle as kleingroep betrokke kan raak. Wat het daarmee gebeur? Wat nou? Hoe gaan julle dit verder neem?

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Bid as groep saam. Begin by een persoon en gee vir elkeen geleentheid om te bid. Indien iemand nie wil bid nie, kan hulle bloot “Amen” sê as dit hulle beurt is.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**